Francois Naude

From: Louise-Mari van Zyl <louise@cape-eaprac.co.za>
Sent: 18 October 2021 11:59 AM
To: Francois Naude; Jessica P Christie
Cc: Danie Swanepoel
Subject: RE: Keurboomstrand PP-Plan

Hi Francois,

Net 'n vinnige opvolg omtrent onderstaande asb. Ons moet spoedige voortgaan met die aansoek en wil graag seker maak onderstaande is afgehandel.

Dankie baie!
Louise-Mari

From: Louise-Mari van Zyl
Sent: Friday, 08 October 2021 11:42
To: Francois Naude <Francois.Naude@westerncape.gov.za>; Jessica P Christie <Jessica.Christie@westerncape.gov.za>
Cc: 'Danie Swanepoel (Danie.Swanepoel@westerncape.gov.za)' <Danie.Swanepoel@westerncape.gov.za>
Subject: Keurboomstrand PP-Plan

Hi Francois, dankie dat jy die geduld het om saammet my deur die Department se terugvoering op die PP-Plan op die Keurboomstrand eiendom te gaan. Verwysing onder in aangedui.

REFERENCE:	16/3/3/6/7/1/D1/6/0110/21
ENQUIRIES:	Jessica Christie
DATE:	**07-OCT-2021**

Net om op te som, ek sal dit opreg waardeer as jy dalk net weer loer na ons PP-Plan en dit vergelyk met die skrywe wat ons van julle ontvang het. Veral die volgende is vir my belangrik:

- Die PP-Plan sluit 'n voorlopige (preliminary) I&AP lys in. Soos julle weet is daar tans 'n uitdaging met POPIA om kontakbesonderhede van rolspelers te bevestig. Regulasie 41 vereis dat ons kennis gee aan spesifieke partye. In ons PP-Plan bevestig ons dat ons dit sal nakom. Die onus is op ons om dit deur te voer. As ons nog nie al die kontakbesonderhede van I&APs het wat in Reg 41 omskryf word nie, kan dit nie as rede dien hoekom die PP-Plan nie voldoende is nie. Indien ons pertinent aandui dat ons nie aan Regulasie 41 se vereistes gaan voldoen nie, maak dit sin om dit uit te wys, maar kontakbesonderhede as 'n vorobeeld is nie noodwendig iets wat ons altyd het wanneer die NoI ingedien word nie (in praktyk is dit baie keer inligting wat nog ingewin word terwyl ons wag op die Departement se terugvoering op die NOI). So in kort sal ons byvoorbeeld dit duidelik stel dat ons die plaaslike Raadslik sal kontak, maar die PP-Plan sal nog nie noodwendig die raadslik (of die bure as nog 'n voorbeeld) se naam en kontakbesonderhede insluit nie. Dit is wel 'n vereiste vir die FBAR, maar weereens is dit 'n onredelike voorwaarde vir 'n PP-Plan wat se doel (gedurende COVID) is om hoofsaaklik te bevestig hoe on publiekdeelname gaan hanteer gedurende 'n periode wat daar uitdagings is met vergaderings/hantering van dokumentasie/toegang tot venues ens;
- Ons PP-Plan bevestig in die tabel dat ons aan Reg 41 sal voldoen (weereens wanneer inligting in sommige gevalle in die BAR ingesluit moet word, gaan ons dit nie noodwendig al in die PP-plan insluit nie – alhoewel ons dit sal omskryf as iets wat onderneem sal word;
- Dankie vir uitklaring omtrent hoe die PP-Plan saamgestel moet word. Ek verstaan dit nou as 'n stap-vir-stap uiteensetting wat met bevestig wat ons doen om die rolspeler register op te dateer gedurende die proses;
- Die finale register sal moet voldoen aan die POPIA wetgewing se vereistes. Ons was tans nog vir die DEADP se skrywe in die verband.
- In ons table wat Regulasie 41 omskryf, hanteer ons elke aspek apart met die lys soos per Regulasie 41 en ons 'method statement' hoe ons dit gaan hanteer. So byvoorbeeld rondom pre-app of geen pre-app, stipuleer

ons by watter verslag ons begin. As ons pre-app gaan doen, sal ons 'n Pre-App BAR aandui. As ons nie pre-app gaan doen nie, begin ons met die Draft BAR soos per die Regulasies. Jy sal ook oplet dat ons deur die PP-Plan verwys na die DBAR en nie na 'n Pre-App BAR nie. Ek sal versoek dat ons dit (pre-app of nie) meer pertinent aandui.

(6) When complying with this regulation, the person conducting the public participation process must ensure that -	All reports that are submitted to the competent authority will be subject to a public participation process of 30 days. These include: - Draft BAR

-

Regulated Requirement	Proposed Actions
(a) information containing all relevant facts in respect of the application or proposed application is made available to potential interested and affected parties; and	- Draft EMPr - All specialist reports that form part of this environmental process.

-
- Wat betref Notice Boards se ons dat ons dit sal doen en ons spesifiseer dat ons dit op die site boundary of by die ingang vd eiendom sal sit.

(4) A notice board referred to in subregulation (2) must - (a) be of a size at least 60cm by 42cm; and (b) display the required information in lettering and in a format as may be determined by the competent authority.	The notice board has been placed on the site boundary / entrance will comply with this requirement.

- In dieselfde table bevestig ons dat ons skriftelike kennisgewings sal uitreik via verskillende maniere waar nodig (digital, courier of pos):
- Ons stipuleer in watter koerant ons gaan adverteer en bevestig dat daar nie van 'n Gazette gebruik gaan maak word nie en dat ons nie in 'n provinsiale koerant gaan adverteer nie:

(c) placing an advertisement in - (i) one local newspaper; or (ii) any official Gazette that is published specifically for the purpose of providing public notice of applications or other submissions made in terms of these Regulations;	An advert will be placed in the Knysna / Plett Herald calling for I&APs to register and advising on what documentation is available and how to access it. There is currently no official Gazette that has been published specifically for the purpose of providing public notice of applications.

-

(d) placing an advertisement in at least one provincial newspaper or national newspaper, if the activity has or may have an impact that extends beyond the boundaries of the metropolitan or district municipality in which it is or will be undertaken: Provided that this paragraph need not be complied with if an advertisement has been placed in an official Gazette referred to in paragraph (c)(ii);and	Adverts will not be placed in provincial or national newspapers, as the potential impacts will not extend beyond the borders of the municipal area.

- Ons spesifiseer ook in die table hoe ons moontlik mense met uitdagings sal kan akkommodeer:

(e) using reasonable alternative methods, as agreed to by the competent authority, in those instances where a person is desirous of but unable to participate in the process due to - (i) illiteracy; (ii) disability; or	Notifications will include provision for alternative engagement in the event of illiteracy, disability or any other disadvantage. In such instances, Cape EAPrac will engage with such individuals in such a manner as agreed on with the competent authority. Virtual meetings / telephone calls as reasonable alternative methods of public participation will be utilised, where I&APs

-
- With regards to how we shall make documentation available we stipulate that we'll comply with:

In order to comply with this requirement, the proposal is to provide all parties, listed in subsections a, b and c above, with full digital copies of the Draft Basic Assessment Report (DBAR), Environmental Management Programme and all specialist studies and plans. Such digital copies will be provided to the competent authority, organs of state and state departments on CD by post, via WeTransfer and / or via a Dropbox link. Where no postal service is available, the documents will be provided by courier service.

In terms of point d above, all Interested & Affected Parties (I&APs) that are identified, or register as part of the process will be provided access to the Draft BAR via the following:

1. The digital copy of the documentation that will be on the Cape EAPrac website and any other digital platform that is identified by Cape EAPrac or the recipients such as WeTransfer and / or Dropbox.
2. I&AP's that do not have access to digital platforms will be provided with printed hardcopies of the executive summary and any specialist reports that they may have interest in. Such copies will be provided by courier or postal service.
3. Potential and registered I&APs will be informed that copies of the documentation can be provided via postal or courier services.

-
- Ons verwysing na kommunikasie met I&Aps gedurende die proses en vir die finale besluit (EA) is dieselfde. Ons tref nie onderskeid tussen die manier waarop ons hulle in kennis stel nie, so waar ons verwys na kommunkasie per epos/post/website byvoorbeeld geld dit vir alle korresondensie. Maar ek sal versoek dat ons die toekoms spesifiek 'n aparte (alhoewel dit onnodig duplikasie is) afdeling het vir hoe ons die besluit sal kommunikeer;
- Ons stipuleer dat ons kommentaarperiode van 30-dae sal handhaaf. Die oorhoofse prosesprogram wat saammet die NOI ingedien word, is wat my aanbetref voldoende om publiekedeelname ook te dek.
- A comment period of **30 days** for registered I&APs, neighbours & identified stakeholders will be implemented for all I&APs to make comment on the DBAR.
- Ons neem kennis van die Departement se vereiste van 'n 3-dae kennisgewingperiode. Ek moet net uitwys dat hierdie stipulasie wat my aanbetref nie 'n redelike versoek is nie gegewe die tydsraamwerke waaraan ons moet voldoen. Hou in gedagte dat wanneer ons alle studies ingewin het en 'n DBAR byvoorbeeld reg het, kan dit wees dat ons 4 dae oor het in die proses (om nog 30-dae kommentaarperiode in te sluit ook). As die koerant advertensie in daardie spesifieke week egter op 'n Vrydag uitkom en ons skrywes gaan dan bv die Woensdag / Donderdag uit (om die 30-dae die Vrydag te begin), moet dit toegelaat word want as ons dit nie so mag doen nie, beteken dit dat ons die advertensie moet laat oorstaan tot die volgende Vrydag, wat dan sal beteken ons beweeg buite die toegelate periode vir 'n BAR. As ek moet kies tussen voldoen aan 'n 3-dag kennisperiode voor die 30-dae of buite my toegelate periode vir die BAR gaan, gaan ek nie die 3-dae nakom nie. Die redelike vereiste in my opinie, is om te stipuleer dat kennisgewings voor die aanvang vd 30-dae periode reeds gesirkuleer moet wees, of dit nou 7-dae of 3-dae of 1-dag is, solank as wat dit nie op dieselfde dag, of uiteraard daarna uitgaan nie.

By voorbaat dankie vir die ekstra moeite hiermee.

Kind regards / Met Vriendelike Groete,

Louise-Mari van Zyl | 071 603 4132
MANAGING DIRECTOR | PRINCIPAL CONSULTANT
MA Geography & Environmental Studies (Stellenbosch)
EAPSA Reg.

T: 044 874 0365
F: 044 874 0432
17 Progress Street, George
P O Box 2070, George 6530

Cape EAPrac
Environmental Assessment Practitioners

COVID-19 operational notice

Our advisers and staff are working remotely and are contactable via email or on their cellphones.

We will advise when physical meetings and office visits can resume.
Our commitment to offering you service excellence remains unchanged.